

Ontmoeting 11

JAKOB EN ESAU

Teks: Genesis 25:19-34, 27:1-42

Hulpmiddels:

- 5 Roomysbakke soos nodig vir die eerste speletjie
- Items met 'n kenmerkende reuk vir die tweede speletjie



WELKOM

1. Speel met die kinders 'n "tas of voel speletjie". Kyk wie die meeste reg kan raai. Blinddoek die een wat moet kom raai en laat hy/sy in 5 roomysbakke sy/haar hand steek en raai wat binne-in is. Die 5 bakke kan die volgende in hê: jellie wat gestol is, growwe mieliepap, uitgepluisde staalwol, suikerboontjies en gaar, koue spaghetti. Die een wat die meeste reg het, kry 'n beloning. (In die verhaal moet Isak aan sy seuns voel om te weet wie is wie.)
2. Hou 'n reuk-speletjie. Dit werk dieselfde as bg. speletjie, maar nou is die kinders geblinddoek wanneer hulle aan die items kom ruik. Gebruik geure soos suurlemoen, lemoen, pietersielie, seldery, kaneel, naeltjies, ens. (Isak het ook met reuke tussen sy seuns onderskei.)



WYDING

Temalied: "Nothing's too big" (<https://www.youtube.com/watch?v=8bsEggn344>)

Stilword-ritueel:

Kinders lê op die grond en hou mekaar se hande vas. Sê: "Onthou: God bind ons as medegelowiges aan mekaar vas en ook aan ons aartsvaders Abraham, Isak en Jakob. Gee mekaar 'n handdruk om dit te erken en staan op/sit regop."



WOORD

Wys vir die kinders die volgende 3 saamdoen aktiwiteite:

Elke keer as daar gepraat word van loop of stap, moet die kinders met hulle hande op hulle bene klap (stap-stap-stap) en vinnig klap as daar gepraat word van hardloop.

As daar gepraat word van kos of eet, moet hulle "njam-njam" sê. As daar gepraat word van skiet of jag, moet hulle "poing" sê en maak asof hulle met 'n pyl en boog skiet.

(Kry 4 besempoppe operateurs, nl. Isak, Rebekka, Jakob en Esau.)

Vertelling:

Isak was 40 jaar oud toe hy met Rebekka getrou het. Hulle kon eers nie kinders hê nie. God het Isak se gebede verhoor en vir hulle 'n tweeling gegee. Esau is eerste gebore. Hy was rooi en hy het baie hare op sy lyf gehad. Sy bynaam, Edom, beteken rooi. Toe die tweede baba gebore is, het sy hand sy boetie se hakskeen vasgehou. Hulle het hom Jakob genoem; dit beteken iemand wat aan die hakskeen vashou of "skelm is". Isak was 60 jaar oud toe die seuns gebore is.

Die twee seuns het grootgeword. Esau was 'n goeie jagter (poing). Hy was lief om in die veld te stap (stap-stap-stap). Hy was Isak se witbroodjie, want Isak was lief vir wildsvleis (njam-njam). Jakob was 'n rustige mens; hy het geboer met skape en bokke en eerder sy ma in die tent gehelp. Hy was weer Rebekka se witbroodjie.

Op 'n dag terwyl Esau in die veld stap (stap-stap-stap) om te jag (poing), het Jakob by die huis gebly en 'n pot sop (njam-njam) gekook. Toe Esau later doodmoeg en honger uit die veld terug-kom, vra hy vir Jakob: "Gee vir my bietjie van daardie sop

(njam-njam), want ek is nou doodhonger!”

Jakob het geantwoord: “Ek sal vir jou van die sop (njam-njam) gee. Maar jy’s mos die oudste boetie. Jy gaan eendag twee keer soveel erf as ek. Gee dan vir my eers die regte wat jy het omdat jy eerste gebore is.”

Esau het gesê: “Ek is ‘anyway’ besig om dood te gaan van die honger. Dit help my tog nie om die eersgeborene te wees nie. Gee my tog net iets om te eet (njam-njam).”

Jakob het toe vir Esau van die sop (njam-njam) en ‘n stuk brood (njam-njam) gegee. Esau het lekker geëet (njam-njam), opgestaan en sonder ‘n woord weggeloo (stap-stap-stap). So het Esau sy regte weggegee. Dit was nie vir hom belangrik nie.

Oor die volgende klompie jare het Isak ‘n baie ryk man geword, want die Here was vir hom goed. Esau het sommer met twee vrouens getrou toe hy 40 jaar oud was. Dit was slegte vrouens wat vreemde afgode aanbid het. Daarvoor was Isak en Rebekka baie hartseer.

Toe Isak oud geword het, was hy amper heeltemal blind. [*Bind ‘n lap om Isak se kop wat blindheid voorstel.*] Op ‘n dag roep hy vir Esau en sê: “Ek is al stokoud en ek weet nie wanneer ek gaan sterf nie. Vat nou jou skietgoed (poing), jou pyl en boog (poing), loop (stap-stap-stap) veld toe en gaan skiet (poing) vir my ‘n bokkie (njam-njam) in die veld en maak dit gaar soos ek daarvan hou. Ek wil dit eet (njam-njam) en dan wil ek jou seën voordat ek sterf.”

Rebekka het gehoor wat Isak vir Esau sê. Sy loop (stap-stap-stap) toe haastig na Jakob toe en vertel vir hom daarvan. “Gaan slag gou twee bokkies (njam-njam). Ek sal hulle gaarmaak soos Pa daarvan hou. Dan vat jy dit vir hom sodat hy jou kan seën voordat hy sterf.”

“Ma se plan gaan nie werk nie. Esau het baie meer hare op sy lyf as ek,” het Jakob gesê.

“Moet jou nie daarvoor bekommer nie. Gaan slag net die twee bokkies (njam-njam),” was haar antwoord.

Rebekka het ‘n lekker ete (njam-njam) voorberei, net soos Isak daarvan hou. Die velle van die bokkies (njam-njam) het sy om Jakob se hande, arms en nek vasgebind en Jakob het Esau se beste klere aangetrek. [*Bind growwe lappe of wol om die Jakob-besempop se arms en nek.*]

Jakob stap (stap-stap-stap) toe met die kos (njam-njam) na Isak toe. “Hier is lekker kos (njam-njam) vir Pa!”

“Watter seun praat nou met my?”

“Dis Esau, Pa se oudste seun. Ek het gemaak soos Pa gevra het. Kom, sit regop en eet (njam-njam) die kos (njam-njam). Dan kan Pa doen wat Pa belowe het en en ‘n groot erfporse vir my gee,” jok Jakob.

“Maar hoe het jy die bokkie so vinnig in die hande gekry?”

Toe jok Jakob nog meer: “Die Here het my gehelp!”

“Staan bietjie nader dat ek kan voel of dit regtig Esau is.”

Jakob het nader gekom en Isak het die harige bokvelletjie gevoel.

“Ek verstaan dit nie. Jy klink net soos Jakob, maar jou arms is so harig soos Esau s’n!”

Isak is teen die tyd heeltemal deurmekaar. “Is jy regtig Esau?”

“Natuurlik, Pa!”

“Gee dan vir my die kos (njam-njam), dan sal ek jou seën.”

Jakob het vir Isak kos (njam-njam) en wyn gegee. Hy het lekker geëet (njam-njam) en gedrink.

“Esau, kom nader en soen my!”

Jakob maak toe so. Isak het Esau se klere geruik en gesê: “Ai, my seun, jy ruik net soos die veld!”

Isak het toe vir Jakob geseën.

Jakob was skaars uit Isak se tent of Esau kom daar aangestap (stap-stap-stap). Hy het ook ‘n lekker ete (njam-njam) gemaak.

“Pa, hier is die wildsvleis (njam-njam) wat ek Pa belowe het. Sit regop en eet (njam-njam) dat Pa my kan seën.”

“Maar met wie praat ek dan nou?” vra Isak verbaas.

“Met my, Pa. Dis Esau!”

“Maar wie het dan nou net vir my kos (njam-njam) gebring? Ek het daarvan geëet en hom geseën en hy sal geseën bly!”

Toe Esau dit hoor, het hy hard geskree en begin huil.

“Pa, dit kan nie wees nie! Seën my tog ook!”

“Jou broer het klaar op ‘n skelm manier jou seën gekry. Ek kan nie my woord breek nie.”

“Jakob is van die begin af ‘n regte skelm. Eers het hy my afgepers om my erfposisie in die hande te kry. Nou het hy Pa verkul om alles vir hom te gee. Kan Pa my ook seën?”, soebat Esau.

Isak het toe vir Esau gesê dat hy op ‘n slegte stuk grond sal bly en baie oorlog sal maak en onderdanig sal wees aan sy broer.

Esau was woedend. “Wag net tot Pa dood is, dan gaan ek vir Jakob doodmaak!”

Rebekka het agtergekom wat Esau se plan is. Sy het vir Jakob help vlug (stap-stap-stap). Die beste plek waar hy kon gaan, was na haar broer Laban in Haran. Dit was ver genoeg dat Esau hom nie daar kon kry nie.

Albei die seuns het vir Isak hartseer gemaak. Sal daar ooit weer vrede kom in die familie vir wie die Here so baie beloftes gegee het? Volgende week gaan ons verder met die verhaal, want ons weet mos nou al dat die Here nie moed opgee nie. Hy sal nie die beloftes wat Hy aan hulle oupa, Abraham, gemaak het, vergeet nie.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink: (Doen vrae 1 tot 3 en kies dan nog 2 uit die oorblywendes.)

1. Ek wonder hoe laat die verhaal jou voel.
2. Ek wonder wat vir jou die belangrikste was.
3. Ek wonder of jy dink dat daar vrede tussen Jakob en Esau sal kan kom.
4. Ek wonder hoe Esau gevoel het toe hy beseft dat Jakob hom bedrieg het.
5. Ek wonder hoekom mense mekaar so baie bedrieg.
6. Ek wonder of jy al bedrieg was deur iemand naby aan jou.
7. Ek wonder of iemand ook in julle huis voorgetrek word.
8. Ek wonder of die seën van ons ouers ook vir ons belangrik is.




WERSKAF

- ♦ Vermom speletjie. Gee vir die kinders lappe, toiletpapier, ou klere en komberse om mekaar onherkenbaar te maak. Hulle kan selfs ‘n kompetisie hou om te kyk wie die beste vermomming kan maak.
- ♦ Gee die besempoppe vir die kinders om die storie weer uit te beeld.
- ♦ Iets om huis toe te neem: Gaan vra vir jou ma of jou naam iets beteken. Vra ook hoekom hulle dit vir jou gegee het.

Sluit af met die seënbede.





My spesiale naam:

Wie het my naam gekies?

Wat beteken my naam?!

Hoe is my naam gekies?!